BEAUFORT WES MUNISIPALITEIT :
DEPARTEMENT INGENIEURSDIENSTE

KENNISGEWING NR. 143/2008
TENDER NO DID 15/2008

VOORSTEL VIR OORWEGING VAN 'N BEDRYFSKLAAR ("TURN KEY") IMPLEMENTERINGSAGENT BY DIE AANSTELLING AS IMPLEMENTERINGSAGENT VIR BEHUISINGSPROJEKTE VAN DIE BEAUFORT WES MUNISIPALITEIT

Die Beaufort-Wes Munisipaliteit wil 'n ooreenkoms aangaan met 'n ervare behuisingsimplementeringsagent om as implementeringsagent op te tree en behuisingsprojekte in die munisipale jurisdiksiegebied te ontwikkel. Die behuisingsprojekte sal deel vorm van die nasionale en provinsiale behuising subsidieskemas. Die Munisipaliteit Beaufort-Wes behou die reg voor om hierdie aanstelling uit te brei na nie-lae koste residensiële sowel as kommersiële/industriële projekte binne die Munisipale gebied van Beaufort-Wes ten einde kruis subsidiëring toe te pas.

Tenders word hiermee ingewag vanaf gevestigde Implementeringsagente in lae-koste behuising, met 'n bewese rekord in die lewering van behuisingsdienste in die publieke sektor om as implementeringsagent op te tree in die ontwikkeling van behuisingsprojekte vir die Beaufort-Wes Munisipaliteit.

Die dienste wat gelewer moet word sal, onder andere, die volgende insluit:

- Indiening van projekaansoeke en verkryging van die nodige befondsing
- Fasilitering met plaaslike gemeenskappe asook individuele aansoeke om subsidie
- Dorpstigting, stadsbeplanning, omgewingsaangeleenthede en alle publieke deelname prosesse
- Ontwerp en installering van siviele dienste; interne-, eksterne- en grootmaatdienste
- Ontwerp en bou van bo-strukture
- Verskaffing van oorbruggingsfinansiering
- Bemarking en verkoopaksies
- Beplanning en bestuur van behuisingsprojekte tot en met oordrag van eiendomme

Implementeringsagente wat graag oorweging wil geniet moet 'n voltooide aansoekvorm asook die gespesifiseerde dokumentasie indien. Onvolledige aansoeke wat nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie sal geen oorweging geniet nie

Tenderdokumente en spesifikasies is beskikbaar vanaf die **DIREKTEUR INGENIEURSDIENSTE, Beaufort-Wes Munisipaliteit.** 'n Tenderfooi van R228,00 is betaalbaar aan die Beaufort-Wes Munisipaliteit, ABSA Bank, Beaufort-Wes, Takkode : 334-108, Rekeningnommer : 4050 538 936, Verwysing no. 10-10000-100-020110 en geen tenderdokumente sal oorhandig word sonder 'n bewys van deposito of kwitansie van die kassiere by die Munisipaliteit nie. Die tender aansoekvorm en dokument is elektronies beskikbaar in PDF formaat via e-pos en sal aan die aansoeker

gestuur word op e-pos versoek geadresseer aan me E. Claassen by: engela@beaufortwestmun.co.za

Elke tender moet in ‘n aparte koevert duidelik gemerk met die **tenderopskrif en tendernommer** ingedien word. Die tender moet geplaas word in die amptelik gemerkte tenderbus, **Beaufort-Wes Munisipaliteit, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes** voor **12:00** op die sluitingsdatum. Die tender sal in die openbaar oopgemaak word in die Komiteekamer, Donkinstraat 112, op die dag om **12:00**.

SLUITINGSDATUM : Vrydag, 05 Desember 2008
TYD : 12:00

LET WEL: GEEN LAAT INDIENING EN GEEN FAKSIMILEE OF ELEKTRONIESE TENDERS SAL AANVAAR OF OORWEEG WORD NIE.

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
Privaatsak 582
Beaufort-Wes
6970

J. Booysen
Munisipale Bestuurder

[6/1/1/1]